HOOFSTUK 1.

INLEIDENDE ORIËNTERING

1.1. Keuse en belangrikheid van die onderwerp

Die keuse van hierdie onderwerp en die motivering van die ondersoek berus o.m. op die teenswoordige skynbare gebrek aan insig in die sosiale benadering van kunsopvoeding. Die gebrek aan kennis van o.a. die sosiologie by menige kunsopvoeder is onrusbarend en besinning daaroor het dringend noodsaaklik geword.

Hierdie verskynsel van 'n toenemende en onwenslike humanisties-deurdrenkte stroming wat in die moderne bose wêreld posgevat het, en ook in die kuns en kunsopvoeding, waarin die godsdienstige motief stelselmatig verdring word, is een van die vernaamste motiverings van hierdie ondersoek. Vele lewenswaardes en norme word verwerp en afgewater en dit kan slegs diepe besorgdheid wek by elke Christen-gelowige wat die belange van die kunsopvoeding van die jeug en van alle ander groepe in die samelewing op die hart dra.

In hierdie studie word 'n poging aangewend om 'n bydrae te lewer tot die persoonsvorming, -ontwikkeling en -roeping waar die klem val op die hoër geestelike lewenswaardes wat die balans moet help meebring tussen die stoflike of materiële en die geestelike, vanweë die feit dat die lewe so materialisties ingestel is.

Verder bestaan daar vandag verwarring t.o.v. die wesentlike interpretasie en waarde van die estetiese in o.m. die beeldende kunste. Skrywer wil hiermee 'n klip in die bos gooi deur te vra: Wat is die waarheid, toelaatbaarheid van die huidige neigings in die hedendaagse beeldende kunste, asook in die musiek en letterkunde volgens Christelike norme wat in die Bybel gevind word. Oor hierdie en ook ander vrae moet beslis uitspraak gegee word. Dit is nog nie gedoen nie. Die wetenskaplike swyg oor bv. die kaalbas-beelde, die beskrywings van banaliteite en perversiteite ens. in literêre werke. Wat is die estetiese, die toelaatbare volgens Christelike norme oor hierdie vraagstukke? Dit krap aan die gewete van die gelowige kunstenaar en die publiek is geregtig om uitsluitsel oor genoemde

sake van gesaghebbendes op hierdie terrein te verkry. Standpunte word deur enkelinge ingeneem wat herinner aan stemme roepende uit die woestyn en ds. De Beer verklaar soos volg namens die Kerklike Kommissie: „Die kuns is nie uitgesluit van die Goddelike norme wat vir die mens se lewe geld nie. Naaktheid in die openbaar en alle vorme van ekshibisionisme word veroordeel deur die Heilige Skrif wat vir ons leer dat vanweë die sonde veral die erotiese dele van die liggaam bedek behoort te wees ...."[1].
Verder verklaar die S.A. Vroue Federasie en die 600 vroue van die Gereformeerde Kerk in Klerksdorp; „In die geskiedenis van die vrou van Suid-Afrika het sy nog nooit aan die naakte kultus deelgeneem en soos ander volke haar in die openbaar ontbloot nie.

„Die goedpraat van die voorgestelde beelde moet as 'n verdere uiting van die verderflike permissiewe gees van ons tyd beskou word"[2].

Oor hierdie vrae e.a. gee die skrywer nie uitsluitsel nie, maar dit regverdig die noodsaaklikheid van hierdie ondersoek. Die onderwys en opvoeding is die middel om die mens, die kind en die sosiale lewe te beïnvloed, te vorm en bowenal te hervorm. Die kunstenaar moet standpunt kan inneem en dit kan motiveer. Die onderwyser moet wat sy lewenstoerusting en persoonlikheidsvorming betref ook leiding hieroor in sy opleiding, d.i. akademies en professioneel, ontvang. Ook wat betref die onderwys van kuns in die raam van die opvoeding, is dit deel van die opvoedingsproses - dit dra by tot die analitiese en estetiese interpretasie van die kuns en skoonheidstruktuur van die Skepping wat elkeen op sy eie wyse hulp en steun bied aan die geloofsinterpretasie van die kerk wat kulmineer in die heenwys en heenlei na Bo.

Vraagstukke oor die <u>waarheen</u> (doel), die <u>wat</u> (inhoud), die <u>hoe</u> (metode, tug en evaluering) van die kunsopvoeding en hoe die kind beskou moet word e.a. noodsaak dus so 'n navorsing.

1. Die Vaderland, Jaargang XXXIV, Nr. 10742, 27.9.1971. p.1 kolom 4 en 5.
2. Op. cit..

1.2. Die aard en omvang van die probleem

1.2.1. Die algemene aard van die probleem

Alhoewel kunsopvoeding verpligtend is in alle primêre skole in Transvaal, bly die vak nog maar die aspoestertjie in heelwat primêre skole. Van die onderwysers aan wie die taak opgedra word om kunsopvoeding te behartig, stel soms nie belang daarin nie, is in baie gevalle nie genoegsaam opgelei in die betrokke rigting nie, en daar bestaan soms karige of selfs geen geriewe vir die uitvoering van die werk nie. Die gebrek aan kennis van die waarde van o.m. die sosiale vorming van die kind by 'n groot aantal kunsopvoeders is onrusbarend. Die waarde en bydrae van kunsopvoeding vir die vorming van die kind ter voorbereiding vir 'n eie bepaalde plek wat hy moet volstaan in die samelewing en dus die bydrae tot die uiteindelike persoonsroeping in die sosiale lewe deur middel van o.a. die kunsopvoeding, word in die meeste gevalle nie bevredigend besef en toegepas nie.

1.2.2. Die Sosiologiese aard van die probleem

Volgens sy geskape aard is die mens tegelyk 'n individuele wese met 'n sosiale roeping. Die sosiale is die kerngebied van studie van die Sosiologie[1] wat in breë trekke handel oor die kind as onvolwassene, eers binne die gesin wat die fondament lê vir sy latere bekwaammaking en aansluiting by alle groepe buite die gesin. Hierin word gepraat van die waarde van die gesinsopvoeding as diensbaarmaking aan die skool, kerk, staat, bedryf, sport, vryetyd en ontspanning, verenigingslewe en organisasies - die vaslegging van menseverhoudinge binne alle groepe volgens die naasteliefdegebod, die handelinge van mensekinders om dit te verwesenlik, en die gebeurtenisse of vrug wat daaruit voortvloei, nl. die kultuur waarvan o.m. kuns en kunsskepping ook deel is.

---

1. Kooistra, R. De gereformeerde theoloog en de sociologie, p. 30.

Binne hierdie kader lê alle groepe neweskikkend en gekoördineerd langs mekaar. Dit vra dus om 'n bepaalde beskouing oor die kunsopvoeding wat 'n indiwiduele skeppingskrag of -daad is waarmee die mens sy medemens, sy groepe, die samelewing, die kultuur dien tot heil van selfontplooiing en diens aan die sosiale en tot verheerliking van die naam van die Here as Skepper en Onderhouer van alle kuns en skoonheid van en in Sy skeppingsorde - in die rykdom van verskeidenheid van ding, plant, dier, mens - wat vir die mens o.m. sosiale waarde en betekenis het.

Die versorging en vorming van die kind tot volwaardige mens in die samelewing is die taak van die hele gemeenskap. In die ruimere sosiologiese betekenis en inhoud van alle onderwys as deel van die opvoedingsproses word die kennis, kundig- en vaardighede bygebring van die skoonheidstruktuur van die geskapene of skepping; dit is 'n universele verskynsel en is bewustelik en onopsetlik van aard[1)].

1.2.3. Die opvoedkundig-sosiologiese aard van die probleem

Die sosiologie het te make met die totaliteit van verskillende aspekte en in hierdie geval gaan dit om die opvoeding en onderwys d.m.v. kuns.

Daar moet bepaal word wat die aspekte is waarvan ons die totaliteit moet kry, waarvan die verskillende dele op 'n bepaalde wyse saamgevoeg moet word sodat daar 'n geheelbeskouing verkry kan word van opvoeding en onderwys aan die een kant, gekoppel aan sosiologie aan die ander kant met betrekking spesifiek tot die kunsopvoeding...

Die totaliteit van die siening in hierdie verhandeling handel oor die struktuur van die onderwys en opvoeding d.m.v. kuns.

In hierdie kader het die sosiologiese beskouing te make met die struktuurfunksionele waarin die normatiewe en die feitlike of funksionele ordes opgesluit lê. Die normatiewe bepaal hoe die kind gelei behoort te word om die beste uit hom te kry terwille van homself en sy ekspressievermoë, en aan die ander kant hoe die kind werklik gelei word in die proses van kreatiewe ekspressie en selfuiting d.m.v. kunsopvoeding en wat die vrug daarvan is.

---

1. Van der Walt, J.P. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie, Hst. 2.

Die geheelbeskouing bestaan daarin dat die kind in die skool opgevoed word vanaf die stadium dat die kind die skool betree totdat die kind die skool verlaat, maar sosiologies gesien word die kind opgevoed vanaf die wieg tot aan die graf en die onderwyser moet daardie geheelbeskouing hê, dit is die totaliteitstruktuur van kuns, onderwys en opvoeding.

Dit word algemeen aanvaar dat alle opvoeding en onderwys by die kind aangepas moet word. Die skoolonderwys is 'n opsetlike beïnvloeding van die kind deur die volwasse onderwyser in wisselwerking en samewerking met die kind-in-die-groep. Die aard van die onderwys in die skool word gekenmerk deur die analitiese en estetiese interpretasie van die skoonheidstruktuur van die skepping of geskapene[1].

Enkele hooftrekke en grondvrae wat as aspekte van hierdie navorsing moet dien om die vorige stelling te bewys is:

(i) die bepalende aard van 'n lewens- en wêreldbeskouing;
(ii) die mens- of kindbeskouing;
(iii) sosiale vorming deur middel van kunsopvoeding;
(iv) vryheid en gesag, tug en dissipline;
(v) die inhoud en metodes van aanbieding van die leerstof; en
(vi) evaluering van die kind se voltooide werkstukke.

1.2.4. Die omvang van die probleem

Die omvang van hierdie probleem is wêreldwyd, hoewel in sommige lande minder ernstig as in ander. Oral waar daar mense is, word daar opgevoed en oral waar daar van kunsopvoeding gebruik gemaak word in die persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling van die kind, bestaan die probleem in mindere of meerdere mate. Vervolgens word die omvang van die probleem in sekere wêreldele in breë trekke geskets.

1. Popma, K.J. Opvoeding, onderwys, schoolverband. Philosophia Reformata, 12de jaargang, 3de kwartaal 1947, p. 130.

In die V.S.A.

Net soos in baie ander wêreldele, het die kunsopvoeders in die V.S.A met baie probleme te kampe. Viktor Lowenfeld[1] het baie gedoen ter bevordering van kunsopvoeding in die V.S.A. en een van sy leerlinge, Kenneth M. Lansing, laat hom uit oor die huidige stand van sake betreffende kunsopvoeding in genoemde land, en wel soos volg: „We like to say that art is already an important part of education in American public schools. Unfortunately, it would be more accurate to say that art instruction survives and that it sometimes enjoys a favorable place in the school curriculum. Artless or nearly artless schools continue to flourish even in the richest and most progressive states. Some of them are found, suprisingly enough, in college communities where strong cultural commitments might be expected to create a damand for art. And if youngsters are actually permitted to work with art materials, they often must do so without the guidance of a professional art teacher"[2].

Hy stel dit verder dat onderwysers wat geen onderrig in kuns ontvang het nie, aangestel word as kunsonderwysers en dat gekwalifiseerde kunsopvoeders in baie gevalle gebruik word vir die onderrig van ander vakke. Verder is daar baie hoofde van skole en inspekteurs van onderwys, hy noem hulle „educational watchdogs", wat beswaar maak teen wat hulle noem „paint, paste and putter....and the presence of mud pies in our schools"[3].

Hy skryf dit toe aan onkunde oor die opvoedkundige en sosiologiese waarde van kunsopvoeding by die gemiddelde Amerikaner. Daar is selfs opvoedkundiges en kunstenaars wat kunsopvoeding veroordeel en hy beskou dit as baie ernstig want hulle doen groot skade[4]. Oor die kunstenaars

---

1. Lowenfeld, V. Creative and Mental Growth.
2. Lansing, K.M. Art, Artists and art education, p. 7 - 8.
3. Ibid., p. 8.
4. Ibid.

se houding teenoor kunsopvoeding stel hy dit dat „if they consider the value of art to society, they usually think of the finished product and the worthwhile effects that it might have. From that viewpoint the work of children becomes practically worthless to them because they feel that it is not profound, that it lacks skillfulness, or that it has some other deficiency"[1]. Hy stel dit verder dat dit die taak van die kunsopvoeder is „to show the unsympathetic artist that art (and art education) is really valuable for society and that it is possible to teach it to children with significant results"[2].

Die invloed wat Viktor Lowenfeld op die kunsopvoeding uitgeoefen het was baie vrugbaar en daar word vandag ten volle gebruik gemaak van sy bevindinge in die oplossing van probleme in die kunsopvoeding.

Probleme waarmee die kunsopvoeder in die V.S.A. te kampe het, is soortgelyk aan die wat plaaslik ondervind word. Nadat Lansing die probleme bespreek en gewys het op die belangrikheid hiervan, sien hy die oplossing so: „To resist them (the problems and most distracting pressures) or to eliminate them, we need self-confident teachers who are dedicated to education, knowledgeable in their subject, efficient at their job, and clear about their goals"[3].

In Engeland

Ook in Engeland het die kunsopvoeders te kampe met soortgelyke probleme. Bucher het die probleme nagevors en sy bevinding was dat „art in the school syllabus has by no means been completely rescued from its time-honoured position of Cinderella subject, and often lacks the inspiration of a well-defined directive or enlightened support from responsible and qualified authority. This is particularly true of provincial and suburban schools where the direction of art-teaching policy is often closely interwoven with the cultural preferences and prejudices of locally influential patrons"[4].

---

1. Lansing, op. cit., p. 9 - 10.
2. Ibid., p. 11.
3. Ibid., op. cit., p. 13.
4. Bucher, L. de C. The teaching of art, p. 1.

Sommige skoolhoofde gebruik die tekeninge van die skool se kinders (waarin die onderwyser se helpende hand soms duidelik waarneembaar is) om mee te spog ten tye van skoolfunksies. Bucher noem dit „putting on a good show (and) various forms of meretricious window-dressing"[1].

Gelukkig bestaan daar darem ook baie skole waar die vak tot sy reg kom en waar die ander kant van die prentjie heel anders blyk, naamlik „schools which have the good fortune to be in the charge of understanding head teachers who radiate vitality and good humour on all sides.... the school itself becomes a centre of enjoyable activity and nowhere is the spirit of the place so evidently manifest as in the art-room"[2].

In Engeland was dit veral Sir Herbert Read wat die grondlegger was van die huidige ontwikkeling in kunsopvoeding. Die invloed van Viktor Lowenfeld is ook sterk waarneembaar. Die bydraes gelewer tot die ontwikkeling en vernuwing in die kunsopvoeding deur bogenoemde navorsers, is van onskatbare waarde soos later in hierdie verhandeling sal blyk.

Daar word volgens Bucher gewerk om 'n oplossing vir die probleme te vind en hy stel dit soos volg: „The Ministry of Education itself is very much alive to the facts, and its inspectors are working steadily in the face of difficulties and adverse - often merely obtuse - opinion to bring about better conditions and a wider understanding of the deeper considerations involved"[3].

In Holland en België

Soos in die V.S.A. en Engeland bestaan die probleem wesentlik ook in Holland en België. Daar is tot die besef gekom dat die stelsel van kunsopvoeding verouderd en uitgedien geraak het. In 1967 het die twee lande gesamentlik besluit om daadwerklik op te tree en 'n kommissie is benoem om die saak te ondersoek en nuwe leergange saam te stel wat moet beantwoord aan die eise van die tyd. Persone wat deelgeneem het aan

---

1. Bucher, op. cit., p. 1.
2. Ibid.
3. Ibid., op. cit., p. 2.

hierdie saak was o.a. Mej. W.M. Nijkamp, inspektriese van die Nuts-kleuteronderwys, dr. Theo Vesseur en dr. Jan Bout, organisasie-psigoloog, aldrie van Amsterdam. „Verder het Mnr. en Mev. Van Haegendoorn te Leuven, J.P. Pieters-Cortel en R. Augustyns van Antwerpen meegewerk onder voorsitterskap van de inspectie van het Gemeentelijk Onderwijs te Antwerpen"[1].

Die doel van die gesamentlike ondersoek was volgens Pieters-Cortel en Augustyns om 'n oplossing te vind wat „zowel aan de problemen van Nederland als aan die van Vlaams-België tegemoet komt"[2].

Die stelsel wat as uitgedien beskou is, word deur Pieters-Cortel en Augustyns soos volg beskryf: „De vele menselijke uitingsmogelijkheden kwamen destijds in het gedrang en de creatiewe krachten bleven grotendeels onbenut; er trad verarming op, doordat men niet meer totaal betrokken was bij de onderwerpen. Eigen initiatief werd de kop ingedrukt; er werd kennis vergaard. Handelingen met overwegend gevoelsaccent werden slechts op nevenpaadjes toegelaten. De tijd .... was arm aan expressie. Wij werden te weinig ingewijd in het zoeken naar eigen gevoelsmatige, esthetische en sociale waarden, met het gevolg dat veel leerstof uit de school ons slechts uiterlijk „siert" en nooit levensecht is geworden"[3].

Nuwe leergange is opgestel en daar is daadwerklik begin met die toepassing van nuwe insigte en bevindinge in die kunsopvoeding. Hierin word daar 'n beroep gedoen op die kreatiewe ekspressiemoontlikhede van die kind. Daar word gewaak teen 'n eensydige emosionele ontwikkeling by die kind en die doel word soos volg gestel: „Wij blijven erop wijzen, dat een veelzijdige en geïntegreerde ontwikkeling (van het kind) het doel moet zijn"[4].

---

1. Pieters-Cortel, J.P. en Augustyns, R. Beeldend werken met jonge kinderen, p. 4.
2. Ibid.
3. Ibid., op. cit., p. 10 - 11.
4. Ibid, p. 13.

Skrywer het die voorreg gehad om herhaalde besoeke af te lê by die Gemengde School voor Laagere Onderwijs te Antwerpen waar Mnr. R. Augustyns, een van die medewerkers aan die nuwe leergang, skoolhoof is. Genoemde skool is gebruik as toetssentrum vir die nuwe beginsels voordat dit landswyd toegepas is.

1.3. Afbakening van die studieterrein en doel van die ondersoek

Hierdie ondersoek is 'n studie van bepaalde aspekte van kunsopvoeding soos dit ook in die Transvaalse primêre skool aangetref word. In die kunsopvoeding word veral gebruik gemaak van twee metodes naamlik die liniêre en die chromatiese. Die beginsel van die opvoeding van die hele mens word aanvaar waarin die sosiale m.b.t. die ontwikkelingstadia van die kind beklemtoon word in die bydrae van kunsopvoeding.

1.3.1. Die doel van die ondersoek

1.3.1.1. Die algemene doel

Die algemene doel van hierdie ondersoek is om ander navorsers aan te spoor tot verdere ondersoek van die sosiale vorming van die kind d.m.v. kunsopvoeding. Verder word beoog om die regte gesindheid te skep, nl. 'n positiewe benadering tot kunsopvoeding as middel tot die ontwikkeling en vorming van die hele mens, ook om aanleg en talent te ontdek, dit te lei en te kanaliseer langs die weg van produktiewe kunskreatiewe handeling as vorm van uiting van denke, gevoel of emosie, neiging en wil van dit wat ervaar word. Die waarde van kunsopvoeding vir positiewe groepvorming, menseverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse word beklemtoon waarmee dan verveeldheid, wat kan lei tot wanaanpassing van die kind, uitgeskakel word.

1.3.1.2. Die besondere doel

Soos die titel van die verhandeling aandui, wil hierdie navorsing sekere sosiologiese aspekte van kunsopvoeding in die algemeen ondersoek met enkele verwysings na die Transvaalse primêre skool. Daar word be-oog om enkele leemtes in die huidige stand van kunsopvoeding aan die primêre skool aan te toon asook enkele aanbevelings te doen en enkele riglyne te stel vir doeltreffender kunsonderwys. Daar word be-oog om 'n studie te maak van die volgende aspekte om daarmee aan te toon:

(i) watter rol die lewens- en opvoedingsbeskouing speel in die bepaling van die aard van die kind-beskouing, die doel van kunsopvoeding, die inhoud van die leerstof met spesiale verwysing na die ontwikkelingstadia van die kind en by name die leerstof vir die sosiale ontwikkeling en vorming van 'n uiteindelike persoonsroeping in die samelewing; en hoedanig die aard van die metodes, tug en evaluering en organisasie moet wees om die persoonlik-individuele en verskeidenheid van sosiale roepings te verwesenlik;

(ii) hoe die kiem in die geskiedenis van kunsopvoeding verskuif het in Europa, asook in die primêre skole in Transvaal van die rasionele tot die huidige opvatting van die opvoeding van die hele mens;

(iii) die rol van die ouer in die sosiale vorming van die kind;

(iv) die stadia van ontwikkeling van die kind in sy kunsuiting;

(v) die waarde van groepwerk;

(vi) gevare wat die ekspressie van die kind mag belemmer.

Deur middel van enkele hooflyne en riglyne word aangetoon wat die struktuur van 'n prinsipiële beskouing met sy grondvrae oor kunsonderwys en -opvoeding is. Daar sal vervolgens aangetoon word hoedat die stadia van ontwikkeling van die kind in aanmerking geneem moet word om sy kunsontwikkeling tot sy beste te laat gedy en hoedat genoemde stadia van die kind ten nouste verband hou met die skeppingsproses wat kulmineer in die stadium van sosiale ontplooiing wat bydra en lei tot persoonlikheidsontwikkeling en vorming van die kind.

Verder word aangetoon wat die rol van die ouer in samewerking met die skool is om die talente en ingebore skeppingsdrang van die kind te lei, te ontwikkel en te vorm, asook hoedat die kind se sosiale aanleg ontwikkel en gevorm word deur deel te neem aan groepwerk wat lei tot samewerking met sy medemens wat moet stimuleer tot positiewe groepvorming in die gemeenskap en saam hiermee wat die rol van die kunsopvoederonderwyser in die primêre skool is.

Verder word aangetoon wat die leemtes en voortreflikhede in die hedendaagse kunsopvoedingsprogram in die Transvaalse primêre skool is, en enkele riglyne vir moontlike doeltreffender kunsonderwys in die primêre

skool in genoemde provinsie word aangedui.

Om uitvoering te gee aan bogenoemde doel van die ondersoek, word die gegewens in die opeenvolgende hoofstukke soos volg ingedeel:

Hoofstuk 2

Die hooflyne van die Calvinistiese opvoedingsbeskouing met spesiale verwysing na die kunsopvoeding word ontleed. Enkele aspekte van die skeppingsproses (kreatiwiteit) word toegelig, asook die opvoeding in die huisgesin in samewerking met die skool met spesiale verwysing na die kreatiwiteitsbeginsel.

Hoofstuk 3

Die hooflyne van 'n kort historiese oorsig van die tekenonderwys in Wes-Europa word geskets en die oorgang na beeldende ekspressie in hooftrekke bespreek met 'n oorsig van tekenonderwys in Transvaal.

Hoofstuk 4

'n Ondersoek na enkele riglyne en hooflyne van kunsonderwys en -opvoeding wat die doel, inhoud en metode van kunsopvoeding insluit asook die faktore van tug, gesag, dissipline en evaluering en organisasie soos deur die Calvinisties-Christelike lewens- en opvoedingsdoel bepaal word.

Hoofstuk 5

Die kennis en belangrikheid van die ontwikkelingstadia van die kind, die kunsuiting in die algemeen, en in die besonder word verwys na die sosiale vorming van die kind.

Hoofstuk 6

Die voortreflikhede en leemtes van die huidige stelsel van kunsopvoeding, met enkele riglyne vir die doeltreffender bydrae van kunsopvoeding tot die vorming en ontwikkeling van die sosiale roeping van die kind.

Hoofstuk 7

Samevattende slotbeskouing.

1.4. Die metode van ondersoek

Daar is van twee metodes gebruik gemaak met die insameling van gegewens vir hierdie ondersoek, naamlik:

(i) 'n literatuurstudie, d.w.s. gegewens wat reeds deur ander persone ingesamel is; en

(ii) 'n empiriese studie, d.w.s. gegewens wat deur die ondersoeker self ingesamel is[1].

(i) Literatuurstudie

In hierdie navorsing is ruim gebruik gemaak van literatuurstudie, waarmee bedoel word die studie en kompilasie van gegewens uit gepubliseerde bronne, soos boeke, omsendbriewe, brosjures, wetenskaplike tydskrifte, koerante en ander dokumente. Die doel hiervan is om kennis en insig te verkry uit die bestaande bronne van inligting en dit wetenskaplik tot 'n eenheidsbeeld saam te voeg. „Dit is immers die plig van 'n ondersoeker of navorser om tot 'n sintese van die reeds bestaande en beskikbare kennis van sy studieonderwerp te kom"[2].

(ii) Insameling van gegewens

Daar is van empiriese ondersoekmetodes gebruik gemaak. Skrywer hiervan het jarelange ervaring as kunsonderwyser, later as kunsdosent en hoof van die kunssentrum te Potchefstroom. Hy dien o.m. op die hersieningskomitee van die Transvaalse Universiteitstoelatingseksamen en eindeksamen van die middelbare skool as hersieningseksaminator. Verder is ook navorsing gedoen oor die metodiek van kunsonderwys in skole in Holland en België tydens 'n oorsese studiebesoek in 1968 waar ook kennis gemaak is met die nuutste tegnieke en metodes van kunsonderwys in genoemde lande. Verder is ook ondersoek ingestel na die opleiding van kunsonderwysers aan die Koninklike Akademie vir Skone Kuns te Antwerpen.

---

1. Pienaar, P.J.J. 'n Sosiologiese studie oor sekere aspekte van die kind in die Nywerheidskool, p. 8 - 9.
2. Van der Walt, J.P. Die doel en taak van die kliniekskool Loopspruit, p. 11.

Persoonlike onderhoude is gevoer met kunsonderwysers aan verskeie primêre skole in Transvaal en ondersoek is ingestel en word nog steeds ingestel na probleme waarmee kunsonderwysers asook skoolhoofde te kampe het. Besoeke aan skole was van groot waarde vir hierdie ondersoek[1].

1.5. Omskrywing van begrippe

(i) Die Primêre skool kan in die algemeen omskryf word as 'n plek waar kinders doelbewus geplaas word in 'n geselekteerde, gesuiwerde, gesistematiseerde en perspektief-verruimde lewensmilieu om hulle lewensgang in 'n bepaalde rigting te stuur[2].

Die middele wat hiervoor aangewend word, noem ons die kurrikulums. Dit bestaan uit egte daadwerklike lewe van die mens se lewensmilieu ofskoon in 'n gesuiwerde gesistematiseerde vorm wat nie die kunsmatige produkte of skepping van die vrugbare mensebrein is nie.

Die onderwyserskorps is die volwasse, akademies en professioneel opgeleide persone wat die opsetlike leiding aan en beïnvloeding van die kinders moet behartig in die onderwysende en pedagogiese werksaamheid binne die skoolruimte[2].

Die aard van hierdie werksaamheid word gekenmerk aan die analitiese en die estetiese interpretasie van die skoonheidstruktuur van die skepping[3]. Hiermee is die belangrike beginsel van die funksionele verhouding tussen die skool en die samelewing en kultuur aangetoon waarin uitvoering gegee moet word in die vorming en ontwikkeling van die kinders se persoonsroeping[4].

Waar dit in hierdie verhandeling oor die primêre skool gaan behels dit dat kinders tussen die ouderdomme van 7 en 13 jaar, hierdie instelling moet besoek.

(ii) Die liniêre metode is 'n tekenmetode waarin uitsluitlik gebruik gemaak word van lyne in die uitvoering van 'n tekening. Swillens

---

1. Gereelde besoeke is aan skole tydens proefonderwys gebring waartydens leiding, inligting, kennis en advies aan skoolhoofde en kunsonderwysers oorgedra is.
2. Van der Walt, op. cit., p. 195.
3. Popma, op. cit., p. 130.
4. Van der Walt, op. cit., p. 173.

omskryf liniêr as „uit lijnen samegesteld; uitsluitend gebruik gemaakt van lijnen; .... lijn-tekening, tekening uitsluitend met behulp van lijnen - dus zonder tinten of tonen - gemaakt"[1]. Hierdie metode word ook in die primêre skole in al die provinsies in Suid-Afrika gebruik. Gedurende die krabbelstadium veral, speel kleur 'n ondergeskikte rol in kunsopvoeding en hieroor sê Lowenfeld die volgende: „Color therefore, plays a decidedly subordinate role in scribbling. It goes without saying that the child during this stage enjoys the use of color; however, it is likely that the use of color will divert the child in the important experience of establishing motor coordination. The child too much attracted by color frequently interrupts his scribbling"[2].

Namate die kind vorder in sy ontwikkeling word daar meer gekonsentreer op kleurwerk, dog die liniêre word deurgaans gebruik.

(iii) Die chromatiese metode is 'n metode waar daar van direkte kleuraanwending gebruik gemaak word sonder om eers die voorwerpe wat uitgebeeld word, met potlood of houtskool te omlyn, dit is dus 'n direkte tekening in kleur met kwas, pastel of enige ander kleurmedium. Kleure kan ook in vlakke aangewend word. Hierdie metode word ook in al die provinsies in die primêre skole gebruik en dit word met die liniêre metode gekombineer om die kind te lei in die skeppingsproses. Kleurgebruik het behalwe die emosionele reaksies wat dit by die kind wek, 'n groot invloed op die sosiale vorming van die kind. Gedurende die skematiese stadium ontdek die kind die verband tussen kleur en voorwerp en hy ontdek hierdeur dat hy deel is van sy omgewing, hy word dus sosiaal gevorm. Oor die sosiale vorming van die kind d.m.v. kleurgebruik sê Lowenfeld die volgende: „It is no longer his subjective experience, or emotional binding, that determines color. It is environment that makes the child realize that there is a relationship between color and object"[3].

---

1. Swillens, P.T.A. Encyclopedie van de Schilderkunst, p. 97.
2. Lowenfeld, V. Creative and mental growth, p. 68 - 69.
3. Ibid., p. 131 - 132.

Soos reeds genoem word deurgaans van die liniêre metode in die primêre skole in Suid-Afrika in kunsopvoeding gebruik gemaak, maar in kombinasie met die chromatiese in die vorming van die kind as sosiale wese. Aangesien taal ook liniêr georden is, is dit verstaanbaar dat kunsopvoeding ook liniêr georden sal wees. Skrywers oor kunsopvoeding wat hulle by Lowenfeld aansluit is Leuschner[1] en Pieters-Cortel en Augustyns[1].

---

1. Leuschner, F.W. & Leuschner, P.H. Die beeldende kunste in die opvoeding, Hst. 9; Pieters Cortel, J.P. & Augustyns, R. Beeldend werken met jonge kinderen, p. 75.